



eduresourceza.com

ST DAVID'S MARIST INANDA



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

REKORDEKSAMEN

VRAESTEL 1

18 SEPTEMBER 2023

Tyd: 2½ uur

Opgestel deur: B.M. Marais / R. Vink

100 Punte

Gemodereer deur: J. Greensill

Lees die instruksies noukeurig deur

- Hierdie vraestel bestaan uit **20** bladsye (voorblad ingesluit). Maak seker jou vraestel is volledig.
- Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
 - **Afdeling A** **Leesbegrip (30)**
 - **Afdeling B** **Opsomming (10)**
 - **Afdeling C** **Poësie (30)**
 - **Afdeling D** **Kommunikatiewe Taal (30)**
- Beantwoord al die vrae.
- Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
- **Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.**
- Onthou: **Netjiese werk** tel altyd in jou guns!

VOORSPOED!

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 AANLYNARTIKEL

LEES DIE ONDERSTAANDE TEKS NOUKEURIG DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT VOLG.

1. **PRIME** is al só beskryf: Dit lyk soos opwasmiddel en smaak soos hoesstroop!
2. Tog gee miljoene mense nie om wat die kritici sê nie. Hulle wil die drankie waaroor almal praat in die hande kry en as hulle hul sak behoorlik moet skud, is dit nou maar so.
3. Toe die nie-alkoholiese drankie, Prime, die eerste keer in SA aanland, het 'n handvol handelaars en privaat verkopers dit teen duiselingwekkende pryse verkoop: R480 tot R700 vir 'n 500ml-bottel.
4. Toe volg 'n florerende tweedehandse mark vir leë bottels teen R100 elk. Daar was selfs stories van skoolkinders wat mekaar R50 vra vir 'n sluk.
5. Toe Checkers bekendmaak hulle sal die drankie vir R40 per bottel verkoop, het mense om die blok tougestaan en teen mekaar resies gejaag om by die winkelrakke te kom. Het die wêreld kop verloor? Is dit net nog 'n geval van internetbohaai?
6. *Prime Energy* en *Prime Hydration* is begin deur die gewilde YouTuber en bokser, Logan Paul, en sy medebokser, Olajide Olayinka Williams Olatunji, beter bekend as KSI. Die Amerikaanse maatskappy, Congo Brands, is egter die eienaar van dié drankie. Die twee mans het hul 39 miljoen aanhangers op YouTube op hol gejaag en die verkope was astronomies. Sedert die bekendstelling in Januarie 2022 was wêreldwye verkope meer as \$250 miljoen (R4,5 biljoen).



7. Ná die groot bohaai (*fuss*) en skoolkinders wat die drankie onder mekaar verkoop, het skole kinders verbied om dit skool toe te bring, ook in SA. 'n Paar redes hiervoor is omdat Prime 'n kultus (*cult*) geword het en *Prime Energy* bevat 20mg kafeïen, meer as dubbel dié van ander energiedrankies.
8. Kenners het *Prime Hydration* getoets en meen kinders behoort nie die drankie te drink nie. Hul redes: die drankie bevat BCAA (aminosure) wat tot tipe 2-diabetes kan lei. Die versoeters daarin kan risiko's vir hartsiektes en beroertes verhoog. Sommige kinders reageer ook met hiperaktiwiteit.
9. So waarom is kinders so mal oor Prime? *FOMO* (Fear Of Missing Out). Kinders bring baie tyd op sosiale media deur en hul brein is ontvanklik (*susceptible*). Die vervaardigers beperk die voorraad van die eksklusiewe produk en skep sodoende 'n gevoel van dringendheid. Dit maak die produk begeerliker vir tieners en laat hulle uniek voel wanneer hulle die drankie in die hande kry. Dit help hulle om gewild te raak onder skoolmaats en dit gee hulle die gevoel dat hulle behoort.



VERWERK uit Huisgenoot 18 Mei 2023

<https://epublikasies.netwerk24.com/html5/reader/production/default.aspx?pubname=&edit=f7ba0326-c29a-4cfb-8fa7-265f1afdff09>

- 1.1 Kies die **korrekte** woord. Skryf net jou antwoord langs die nommer neer.
Volgens paragraaf 1 proe *Prime* (**aaklig** / **heerlik**). (1)
- 1.2 “...hul sak behoorlik moet skud” (paragraaf 2) beteken:
- A. Hulle moet hul sak nie saggies skud nie.
 - B. Hulle moet dit hard skud.
 - C. Hulle moet baie geld daarvoor betaal.
 - D. Hulle moet hul geld in die sak hou. (1)
- 1.3 Gee **een woord** wat sê dat *Prime* jou nie **dronk** sal maak nie. (1)
- 1.4 Haal **VIER opeenvolgende woorde** aan wat bewys dat mense in SA **despera**at was om *Prime* te kry. Lees weer paragrawe 3-5. (1)
- 1.5 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Motiveer jou antwoord deur **SES opeenvolgende woorde** aan te haal.
- Prime behoort aan* Logan Paul en KSI. (2)
- 1.6 Hoe het Logan Paul en KSI só ‘n sukses van die bemarking gemaak? (1)
- 1.7 Kenners meen dat *Prime* ‘n negatiewe uitwerking op kinders se gesondheid kan hê. Noem enige **TWEE** siektes/afwykings wat *Prime* kan veroorsaak. (2)
- 1.8 Wat doen die vervaardigers om mense se *FOMO* (Fear Of Missing Out) uit te buit (exploit)? (1)

[10]

VRAAG 2 Lees die teks noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

DIE JONGSTE NUUS UIT DIE GLANSWÊRELD

LIEFDE BY DIE DAM



MEER as 15 000 mense het onlangs die Liefde by die Dam-konsert by die Emmarentiadam in Johannesburg bygewoon. Kaartjies vir dié konsert het 'n paar maande gelede in minder as twee uur uitverkoop.

Groepe en sangers soos Die Heuwels Fantasties, Early B, Fokofpolisiekar, Bobby van Jaarsveld en Riana Nel het die verhoog behoortlik aan die brand gesing.

Pierre Greeff van Die Heuwels Fantasties was ook een van die hooforganiseerders van die fees. Hy sê hy geniet dit om voor én agter die skerms betrokke te wees. "Dis nogal stresvol op die dag, maar ook 'n voorreg as 'n mens sien watter blydschap goeie organisering en musiek kan bring" sê Pierre.

Die akteur en komediant Schalk Bezuidenhout was die seremoniemeester, maar hy was nie eens daar nie! Hy het virtueel van Edinburgh in Skotland sy rol ingeneem. "Ek is betrokke by die Edinburgh Festival Fringe wat ook in Augustus plaasvind, en ek kon toe nie in Johannesburg wees vir die konsert nie," vertel Schalk. "Ek was in my kamer in Edinburgh. Dis natuurlik altyd die eerste prys om op die verhoog te wees, maar ek dink dit was 'n lekker verrassing vir die feesgangers, en die terugvoer was dat hulle dit geniet het."

Die tradisie van die musiekfees is dat feesgangers hul piekniekkomberse ná die konsert agtergelaat. Die Liefde Wen-organisasie, onder leiding van die akteur Bouwer Bosch, skenk elke jaar die komberse aan liefdadigheid. "Ons is al jare lank vriende met Bouwer, en om hande te vat met sy organisasie is 'n voorreg. Vanjaar is 400 komberse ingesamel," sê Pierre.

Die span is ook opgewonde om die fees vanjaar Namibië toe te neem. "Liefde by die Nam" word op Saterdag 9 September by die WHS Vegkop Stadion in Windhoek aangebied. "Almal in ons span is mal oor Namibië, en dis 'n droom om dit vir die eerste keer daarheen te neem. Ons hoop dit is die begin van iets moois," sê Pierre. Koop kaartjies by liefdebydiedam.co.za.



Schalk Bezuidenhout het die konsert virtueel uit Skotland aangebied.

- 2.1 Wat is *Liefde by die Dam*? Gee jou antwoord in **EEN** volledige sin. Jou antwoord moet die vrae **wat**, **wie** en **waar** beantwoord. (2)
- 2.2 **Wie** is die teikengroep? (1)
- 2.3 Watter aanduiding is daar dat dié gebeurtenis baie gewild onder mense is? (1)
- 2.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die **letter** van jou antwoord neer.
- “...voor en agter die skerms” (paragraaf 3) beteken:
- A. Pierre Greeff hou van sy privaatheid.
 - B. Pierre Greeff is ‘n musikant by en organiseerder van die feestelikheid.
 - C. Pierre Greeff is ‘n voorstaander van konserte en hy is agteraf
 - D. Pierre Greeff hou van skerms. (1)
- 2.5 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Haal **EEN** woord aan om jou antwoord te motiveer.
- Mense het Schalk Bezuidenhoudt op die verhoog gesien.** (2)
- 2.6 Gee ‘n ander **woord** uit die teks vir **grapmaker**. (1)
- 2.7 **Hoe wys** die ondersteuners ná die tyd hulle het goeie harte? (1)
- 2.8 Watter nuwe projek pak die organiseerders vanjaar aan? (1)

[10]

VRAAG 3 VISUELE GELETTERDHEID

BESTUDEER DIE SPOTPRENT NOUKEURIG EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT VOLG.



3.1 Die persoon regs is die **dokter**.

Gee **TWEE** visuele tekens om dit te bewys.

(2)

3.2 **Wie** is die persoon aan die linkerkant van die spotprent? Gee net die ontbrekende woord in die volgende sin.

Hy is die dokter se _____

(1)

3.3 “Die land het my nou in ‘n baie donker plek”

3.3.1 Na watter **land** verwys die man?

(1)

3.3.2 Waarom sê die man sy land is ‘n baie donker plek?

(1)

3.3.3 “**donker plek**” kan ook verwys na hoe die man voel. Gee **TWEE**

visuele tekens wat bewys dat die man sleg/depressief voel. (2)

3.4 Die dokter beveel aan dat die man die **doepa** neem.

3.4.1 Wat bedoel die dokter met die woord **doepa**? (1)

3.4.2 Watter waarskuwing gee die dokter oor die doepa? (1)

3.4.3 Wat bedoel die dokter met die woorde "**werk soos 'n bom**"? (1)

[10]

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

- Som vyf **tipes tegnolgie** en **hoe dit jou kan help**, puntsgewys in jou eie woorde op.
- **Noem elke keer die tipe tegnologie** (bv. Digitale bril: -----) en **TWEE feite** oor hoe dit jou kan help.
Jy mag EEN óf TWEE sinne per nommer skryf.
- Jou opsomming moet tussen 60 en 80 woorde bevat.
- Nommer jou sinne van 1 tot 5.

ONTHOU:

- Gee 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Beplan jou opsomming voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou opsomming.

TEGNOLOGIESE DRAAGBARE (PORTABLE) INTELLIGENSIE

- Digitale bril - As jy die Ballito-feesvieringe bywoon en 'n aantreklike meisie sien, maar jy kan eenvoudig nie haar naam onthou nie, kan jy die inligting baie vinnig aan die onderkant van jou bril sien. Nie net sal jy inligting van die persoon kry nie, maar die bril sal ook 'n elektroniese foto stoor.
- Knoop-mikrofoon - Of sê jy is vir 'n naweek in Frankryk, maar jy kan nie Frans praat nie, tog wil jy die meisies beïndruk. Al wat jy moet doen, is om in Afrikaans in die mikrofoon te praat - en deur middel van die internet word jou woorde dadelik in Frans vertaal. Jy kan ook woorde naslaan indien nodig.
- Videoselfoon - Die tegnologie kan definitief help met langafstand verhoudings. As jy jou meisie wat in Kaapstad bly, bel, kan julle mekaar op die skerm sien terwyl julle

met mekaar praat. Dit maak die afstand baie korter.

- Kamera - Met 'n kamera in jou bril, sal jy onmoontlik in vreemde stede kan verdwaal. Die kamera in jou bril sal jou omgewing met die beelde op satelietfoto's vergelyk en die stem in jou oor sal jou in die regte rigting lei.
- Slim-horlosie - Hierdie horlosie kan jou gesondheid monitor en is baie behulpsaam. Dit kan jou hartklop, bloeddruk en liggaamstemperatuur meet en 'n noodsein aan 'n noodhulpdiens uitstuur as jy bv. op die punt is om 'n hartaanval te kry.

[10]

AFDELING C GEDIGTE

LEES DIE GEDIG ELKE KEER NOUKEURIG DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT VOLG.

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Die wêreld het so klein geword Alta Marincowitz

- 1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakke,
- 2 deel granate in die boord,
- 3 lees boeke in hulle soeke na kennis
- 4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

- 5 As kind bly my ma op 'n ruim erf
- 6 met 'n grasperk en twee bome,
- 7 sit sy vasgenael voor die kassie –
- 8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
- 9 Sy ken mense wat al oorsee was!
- 10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
- 11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

- 12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
- 13 die web is my werf en Gumtree my boom.
- 14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
- 15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
- 16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
- 17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
- 18 Die moontlikhede is duielingwek-
- 19 kend GROOT en die wêreld het so
- 20 klein geword dit pas in die
- 21 twaalf vierkante
- 22 meter van my
- 23 kamer
- 24 in.

[Bron: Toulopers, LAPA Uitgewers, 2012]

- 5.1 Gee elke keer **een woord** uit die gedig wat na die volgende woorde verwys:
- 5.1.1 telefoon (½)
- 5.1.2 televisie (½)
- 5.2 Hoe het **ouma** kennis verkry in vergelyking met haar **kleindogter**? (2)
- 5.3 Hoe het die spreker se ma inligting gekry? (1)
- 5.4 Haal 'n versreël aan wat wys dat die spreker dadelik inligting kan kry. (1)
- 5.5 Hoe kan die spreker met iemand vriende maak sonder om uit haar kamer te gaan? (1)
- 5.6 Wat is die funksie van die uitroepteken in reël 9? (1)
- 5.7 Voltooi die volgende sin deur uit die antwoorde hieronder te kies. Skryf slegs die korrekte letter neer.
- “Klankloos klets en kuier”** in reël 15 is 'n voorbeeld van 'n _____.
- A metafoor
- B personifikasie
- C vergelyking
- D oksimoron (1)
- 5.8 Hoe sluit die tipografie van die **laaste strofe** by die titel van die gedig aan?(1)
- 5.9 Die gedig is in **vrye vers** geskryf. Gee **een feit** om dié stelling te motiveer. (1)

[10]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Sterrekyker

Franci Greyling

- 1 Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
- 2 bladsye en bladsye vol.
- 3 Ek rol dit in 'n koker op,
- 4 bind dit aan 'n pyl
- 5 en skiet dit met 'n wilgerboog
- 6 dat dit hoog die lug inseil.
- 7 Ek sien hoe dit deur die sterre trek
- 8 en om die maan gaan draai
- 9 en al verder deur die donker lug
- 10 'n duisend briewe saai.
- 11 Nou wonder ek
- 12 - en wonder jy? -
- 13 het hy ooit sy pos gekry,
- 14 of sou daar iemand anders wees
- 15 wat al dié briewe dalk nou lees?

[Bron: Toulopers, LAPA Uitgewers, 2012]

- 6.1 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (1)
- 6.2 Hoe kan ons aflei dat die spreker **moontlik 'n meisie** is? (1)
- 6.3 Die spreker het baie om te sê. **Hoe** word dié feit beklemtoon? (1)
- 6.4 Waarna verwys die woord **“dit”** in reël 3? (1)

- 6.5 Haal 'n voorbeeld van 'n **hiperbool** uit die gedig aan. (1)
- 6.6 **Die leser word direk in die gedig aangespreek.**
Haal 'n **WOORD** uit die gedig aan om die bogenoemde stelling te motiveer. (1)
- 6.7 **Lees die laaste vier reëls.**
- 6.7.1 Bepaal die rymskema van die laaste vier reëls. (1)
- 6.7.2 Wat word die rymskema genoem? (1)
- 6.8 Watter **woord** uit die gedig dui **twyfel** aan? (1)
- 6.9 Wat word die stylfiguur in reël 9 genoem? (1)

[10]

VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

gewigtig deur Fanie Viljoen

1. as ek jou gemoed maar net kon ligter maak
2. soos 'n begin-van-die-jaar-skooltas
3. het ek jou deur hierdie donker gedra
4. maar ek moet jou los, sê jy
5. want dis te moeilik om op te kyk
6. te moeilik om aan te gaan
7. terwyl ander om jou lag en lewe
8. en jou eie wêreld ondertoe rem
9. soos 'n einde-van-die-jaar-skooltas
10. dit maak my bang om jou so te sien, weet jy?
11. wat as ek jou verloor?
12. wat as ek eendag wakker word en hoor
13. jy het toe gisteraand die medisynekas leeggedrink?
14. dat jy nou nóg lig nóg swaar het
15. dat die gewig van skooltasse nie meer saak maak nie
16. daar waar jy nou is?



[Bron: sterkykers, LAPA Uitgewers, 2016]

[<https://olkabolka-emagazines.com/2021/06/12/wat-is-depressie-deur-seagull/>]

7.1 Kies die **korrekte** antwoord. **Skryf slegs die woord neer.**

Die gedig handel oor iemand wat (*bekommerd/opgewonde*) oor iemand anders is. (1)

7.2 Watter **een woord** wys dat die gedig oor skoolkinders gaan? (1)

- 7.3 Dink jy dat die “jy” in die gedig gehelp wil word? Motiveer jou antwoord deur ‘n **versreël uit strofe 2 aan te haal**. (1)
- 7.4 Haal ‘n **voorbeeld van alliterasie** uit strofe 1 aan. **Onderstreep** die alliterende klank. (1)
- 7.5 Watter **een woord** in die gedig wys vir ons dat die ander mense **gelukkig** is? (1)
- 7.6 Uit hoeveel **strofes** bestaan die gedig? (1)
- 7.7 Wat noem ons ‘n strofe wat uit **drie versreëls** bestaan? (1)
- 7.8 Sê in jou **eie woorde** waarvoor die spreker **bang** is. (1)
- 7.9 Die persoon sukkel met depressie. **Watter sinsdeel** in strofe 3 bewys hierdie stelling? (1)
- 7.10 **Hoe** wil die spreker die persoon help? (1)
- [10]

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 8 SINSKONSTRUKSIES

Bestudeer die onderstaande spotprent en skryf dan die sinne volledig oor soos aangedui.



8.1 Pa is kwaad, want Kobus se rapport is baie swak.

Aangesien ...

(1)

8.2 Pa sal altyd Kobus se luiheid met drif verwerp.

Kobus se luiheid...

(1)

8.3 Kobus sê: "Dis eintlik goed, Pa.

Kobus sê vir Pa dat ...

(1)

- 8.4 Kobus redeneer 50% is goed, omdat hy 50% van klastyd gemis het.
Kobus het die helfte van klastyd gemis, **daarom** ... (1)
- 8.5 Het jy al iets so belaglik gehoor?
Nee, ... (1)
- 8.6 Die hond lê op die gemakstoel. Die hond kyk met leepoë na Kobus.
Die hond wat ... (1)
- 8.7 Kobus doen vrot op skool; dan verskree Pa hom.
Kobus het ... (1)
- 8.8 Kobus het nie 'n liefde vir skool nie. Hy het nie 'n belangstelling in sport nie.
Kobus het **nóg** ... (1)
- 8.9 Pa berispe vir Kobus; daarna hok hy hom vir 'n jaar.
Nadat ... (1)
- 8.10 Kobus moet vinnig opgroei om onafhanklik te wees.
Kobus behoort ... (1)
- 8.11 Pa beveel vir Kobus om na sy kamer te gaan.
Pa beveel: "...!" (1)
- 8.12 Die skottelgoed is amper deur Ma op die vloer laat val.
Ma ... (1)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

- Lees die paragrafe wat op bostaande prent gebaseer is, deur.
- Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.
- Skryf elke keer net die nommer en die korrekte antwoord *ONDER MEKAAR* in jou antwoordboek neer.

Pa se **9.1 (staar – gee die teenwoordige deelwoord)** oë skiet **9.2 (pyle – gee die verkleining)** na Kobus. Pa is nie net **9.3 (nie tevrede nie – gee een woord)** nie, maar hy is ook **9.4 (kwaad – gee die vergrotende trap)** as laas keer toe Kobus sy rapport **9.5 (_____ gee die ontbrekende voorsetsel)** die hond gevoer het. Elke keer as daar 'n rapport huis toe kom, is daar drama. Kobus is die **9.6 (lui – gee die oortreffende trap)** kind onder die son. Sy **9.7 (afwesig – gee die selfstandige naamwoord)** is nie 'n verskoning nie, want sy ouers **9.8 (ken/weet - kies die korrekte antwoord)** niks **9.9 (van + dit – gee een woord)** nie.

Verlede **9.10 (Vrydag – gee die afkorting)** het Kobus vir die **9.11 (8 – gee die rangtelwoord)** keer hierdie termyn Engels misgeloop, want waarom moet hy van Shakespeare leer? Sy **9.12 (skok – gee die verlede deelwoord)** ma is **9.13 (sonder moed – gee een woord)**. Sy en haar man is **9.14 (baie flou – gee die intensiewe vorm)** gesukkel om met hul seun oor sy toekoms te **9.15 (argument – vorm die afgeleide werkwoord)**. Kobus het glad nie van alle **9.16 (geleentheid – gee die meervoud)** gebruik gemaak om iets te leer nie.

 $\frac{1}{2} \times 16$ **[8]**

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf 'n sin of twee neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- In die beskrywing van elke situasie is 'n paar **vetgedrukte woorde**. Hierdie woorde mag nie in jou sin herhaal word nie.
- Elke antwoord moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



- 10.1 Pa deel nie sy vrou se opgewondenheid om met vakansie te gaan nie. Hy is **geïrriteerd** want hy het baie werk. Hy dink spesifiek aan 'n **dringende saak** by die werk wat sy aandag benodig. Wat dink hy? (2)
- 10.2 Ma probeer haar man **gerusstel/opbeur**. Sy vertel **waarom dit goed vir hom is** om in die Kruger Nasionale Park te **ontspan**. Wat sê sy vir hom? (2)
- 10.3 Die twee kinders agter in die bussie baklei en Pa probeer hulle **stilmaak**; dan **dreig hy om hulle te straf**. Wat sê hy vir die kinders? (2)
- 10.4 Die oudste seun, Johan, wil hê sy pa moet dringend stilhou. Hy **soebat** sy pa om te stop en **verduidelik** wat die probleem is. Wat sê hy? (2)
- 10.5 Wanneer hulle stilhou, hardloop die hond weg. Ma is **histeries en blameer Johan**. Wat sê sy? (2)

[10]